VERNUWING DEUR WAARDERING:

Vroue predikante in die bediening

JULIE CLAASSENS

Dr. Julie Claassens is Assistent Professor in Ou en Nuwe Testament by St. Norbert College, Green Bay, Wisconsin. Sy is ook outeur van Wintertye (Lux Verbi 2003).

Daar is baie moontlike maniere om die vraag te antwoord watter bydrae vroue predikante in gemeentes kan lewer. Sommige mense sal sê dat vroue predikante uitstekende pastors is aangesien hulle van nature meer empaties is en mense dus suksesvol in hul hartseer kan begelei. Ander sal weer sê dat vrouens 'n minder outoritêre leierskapstyl het wat ons broodnodig het in die veranderde wêreld waarin ons leef. Nog 'n sienswyse is dat vrouens 'n belangrike rol kan vervul in 'n bediening gemik op vrouens (wat dikwels die meerderheid van lidmate uitmaak) aangesien hulle die unieke lewensomstandighede en –vrae van vrouens verstaan. Daar word veral gemeen dat vroue predikante 'n positiewe rolmodel vir ons tienerdogters kan vorm, en dat hulle ons vroue studente kan begelei in die uitdagings wat hulle in hierdie belangrike fase van hulle lewe in die gesig staar. Voorstanders van vroue predikante sal sê dat vroue teologiese studente akademies baie goed doen en nagraadse studie aanpak. Baie sê dat baie vroue predikante talentvolle predikers is en suksesvol boeke en artikels skryf.

Dit is inderdaad so dat al hierdie perspektiewe iets van die waarde van vroue predikante in gemeentes weerspieël. Aan die ander kant moet 'n mens tog nie die fout maak om in stereotipes te verval nie. Ons almal weet dat daar net soveel manlike predikante is wat hierdie take uitstekend verrig. En net soos daar manlike predikante is wat nie al die fassette van die bediening ewe goed doen nie, so is alle vroue predikante nie goeie jeugpredikante of pastoraal aangelê nie. Maar die feit bly egter staan dat daar talle vroue is met unieke gawes en talente wat brand om hulle roeping in die NG Kerk uit te leef.

Hoewel ek nog nie in 'n Suid-Afrikaanse konteks predikant was nie, het ek wel die voorreg gehad om na afloop van my doktorale studie by Princeton Theological Seminary vir 'n jaar lank as predikant in die Presbiteriaanse kerk in die VSA te werk. Alhoewel ek myself tans meestal besig hou met klasgee, is ek steeds by 'n Presbyteriaanse gemeente betrokke. Dit is met groot vreugde dat ek in Maart 2003 georden is as Bedienaar van die Woord en Sakrament in die P.C.USA met spesiale opdrag teologiese onderrig. Ek het die jaar wat ek voltyds in die bediening was, ongelooflik geniet, en my volhoudende betrokkenheid in die gemeente is steeds vir my baie belangrik. Die bediening het my roeping as dosent by uitstek gestempel.

As derde vroue predikant in Trinity Presbyterian Church in East Brunswick, New Jersey, het ek die ervaring gehad dat mense my onvoorwaardelik aanvaar het. Ek kon myself totaal uitleef en my talente tot opbou van die koninkryk van God gebruik. Soos ek vermoed het, was die gereelde preekbeurte een van die gunsteling aspekte van my bediening, asook die gereelde lering in 'n verskeidenheid kontekste. Daar was reeds 'n dinamiese Bybelskool in plek waarby ek met groot vreugde ingeval het en op gereelde basis lesings oor verskeie aspekte van die Bybel aangebied het. Die

honger om te leer wat by talle gemeentelede geleef het, was uiters inspirerend.

Een van my gunsteling aspekte van die bediening was die bejaardebediening in die gemeente. Ek het elke Woensdagoggend gaan tee drink saam met 'n groep dames met die gemiddelde ouderdom van 80. Die groep was die mees interessante vrouens, wat ten spyte van die baie terugslae in hulle lewens, steeds positief en vol lewe was.

Iets wat ek nie voor die tyd besef het nie, was dat ek die jeugbediening so sou geniet. Ek het saam met twee wonderlike ma's gewerk en dit was heerlik om te sien hoe die tieners deur die jaar ontwikkel, en hoe 'n mens diep sake op hulle vlak kon aanspreek soos hoe 'n mens behoort te dink oor "stuff" (die groeiende materialisme in die wêreld), rassisme en armoede. Na die tragedie van 11 September, toe terreur slegs 'n halfuur van die gemeente toegeslaan het, het ons indringende gesprekke gehad oor lyding en God se rol in die gebeure.

In die Wes-Kaap is daar slegs een vroue predikant wat in 'n vol pos staan.

My bediening is ook verryk deur die talle verhoudings met gemeentelede wat deur die loop van die jaar ontwikkel het. Ek het ervaar dat ek in die kort tydjie tog 'n belangrike rol in sommige se lewens kon speel, maar ook hoe heelparty gemeentelede my lewe verryk het. Alhoewel die bediening ook nie aldag ewe maklik was nie, was dit vir my heerlik om my roeping as predikant so volkome uit te leef.

Die storie onderstreep weer die waarheid dat 'n mens se realiteit bestaan uit dit wat hulle sien.

Dit is vir my baie hartseer dat daar soveel talentvolle vroue predikante is wat nog nie hul gawes ten volle in gemeentebediening kan gebruik nie. Dit is reeds 13 jaar sedert vroue in die NG Kerk tot die bediening toegelaat is. Alhoewel heelparty vrouens in hierdie tyd afgestudeer het en in verskeie areas in die kerk werk, is daar nog maar 'n handjievol vrouens wat leraarsposte in die NG Kerk beklee. In die Wes-Kaap is daar slegs een vroue predikant wat in 'n vol pos staan.

In my opinie is gemeentes se huiwering om hierdie nuwe bedieningsmoontlikhede ten volle te integreer, deels toe te skryf aan die vrees vir die onbekende. Maar my ervaring in die VSA, waar daar in sommige denominasies tot 40% vroue predikante is, asook die kontak wat ek wel in gemeentes hier in Suid-Afrika het, is dat mense se persepsies eers permanent kan verander word as hulle kan sien hoe goed vrouens die werk kan doen.

Die storie word vertel van 'n Amerikaanse gemeente wat jare lank net 'n vroue predikant gehad het. Die een oggend toe daar 'n manlike gasprediker by die gemeente preek, fluister die een seuntjie half ontsteld vir sy ma: "Mamma, mans kan tog nie predikante wees nie?"

Mans kan nie predikante wees nie? Hoeveel keer het ek as vrou nie hierdie selfde woorde gehoor nie? Die storie onderstreep maar net weer die waarheid dat 'n mens se realiteit bestaan uit dit wat hulle sien.

Dit is dus my opregte hoop dat gemeentes die geleentheid sal aangryp om meer vroue predikante die kans te gun om hul roeping uit te leef. Ek vermoed dat hulle verras sal wees oor die wonderlike bydrae wat vrouens in hulle gemeentes sal lewer. Ek is ook daarvan oortuig dat die gemeentes in hierdie land net verryk kan word deur die baie talentvolle vrouens wat hulself as predikante bekwaam het. Vra maar net die gemeentes wat al wel iets hiervan beleef het.